

Skrikwekkende Verhale

Die Nar Standbeeld



'n Tiener Meisie het een aand vir 'n ryk gesin hul kinders opgepas.



Die welgestelde gesin het 'n baie groot huis met baie kamers gehad. Dit was gevul met baie artefakte en ou ornamente van regoor die wêreld.



Terwyl die ouers vertrek het om uit te gaan, het die pa vir die meisie gesê dat sodra sy die kinders neer gesit het, moet sy afgaan na die kelder, daar TV gaan kyk en nie in die huis rondloop nie.



Toe die kinders geslaap het, het die meisie af na die kelder kamer gegaan om TV te kyk. Sy kan egter nie op haar vertoning gekonsentreer nie want in die hoek van die vertrek was 'n lewensgroot nar standbeeld wat vir haar grimlag.



Sy besluit uiteindelik om 'n kombors oor die standbeeld te drapeer sodat sy dit kan ignoreer.



Na 'n rukkie kan sy nie verdra om na die narbeeld se oorgroot voete te kyk wat onder die kombes uitsteek nie.



Sy het besluit om die pa te bel om sy toestemming te vra om in 'n ander kamer TV te gaan kyk, want sy was bang vir die reuse nar standbeeld in die kelderkamer.



“Luister baie mooi,” het die man vir die meisie gesê ...



“Ons kinders kla oor 'n nar wat in die middel van die nag by hulle kamer inkom. Ons het gedink dis net nagmerries. Ons besit nie 'n nar standbeeld nie. Jy moet die kinders vat en NOU uit die huis gaan! Ek sal die polisie bel.”



Die meisie het die telefoon neer gesit, om gedraai om na die bedekte nar standbeeld te kyk, maar al wat daar was, was die kombers op die vloer!





THINK

DIGITAL ACADEMY

